7 Desember 2009

PERSVERKLARING UITGEREIK DEUR DR HENNIE KLEYNHANS, BESTURENDE DIREKTEUR VAN AGRI INSPEC

Agri Inspec vlek onwettige invoere van huide en velle oop

Die Melkprodusente-organisasie se moniteringsmaatskappy, Agri Inspec, het verskeie onwettige aktiwiteite met betrekking tot die verklaring van velle en huide oopgevlek. Die velle en huide was bestem om tussen September en November vanjaar vanaf Namibië na Suid-Afrika uitgevoer te word. Vyf onwettige besendings is in ‘n gesamentlike operasie tussen Namibiese doeanebeamptes en Agri Inspec oopgevlek.

Agri Inspec het ook opleiding verskaf aan doeanebeamptes om hulle met die nodige vaardighede toe te rus om die verskillende kategorieë huide en velle te onderskei. Uitvoerders gebruik dikwels foutiewe tariefkodes om hulle van die betaling van die regte uitvoerbelasting en heffingsbetalings te vrywaar.

Hierdie suksesse bewys die waarde van samewerking tussen regeringsinstellings en die privaatsektor, in pogings om billike handel te verseker.

Agri Inspec Moniteringsdienste het ‘n mandaat van verskeie kliënte in Suid-Afrika en buurlande om namens hulle billike handelspraktyke te verseker. Dit is die eerste en enigste privaat moniteringsdiens wat gevestigde kantore met opgeleide personeel het, wat ten alle tye al die belangrikste invoer- en uitvoerhawens langs die hele grens dek.

Dit stel Agri Inspec in staat om alle invoere en uitvoere na en van buurlande in samwerking met regeringsinstansies te monitor.

Rig alle navrae oor Agri Inspec se dienste aan info@agriinspec.co.za of kontak Jan Brits by 084 802 3842 of 012 843 5644 of e-pos jan@agriinspec.co.za.

Einde